

BEGRAFNISREËLINGS

Om mense by te staan met die afsterwe van 'n geliefde is 'n geleentheid vir wat ons as Kerkraad om ons wykslede baie prakties te dien. Graag versoek ons u om so gou moontlik by die persone 'n besoek te bring – dit is nie nodig om 'n tekslesing te doen nie, maar indien u graag wil is die volgende tekste moontlikhede om te gebruik Jesaja 41:13; 1 Tessalonisense 4:13-14. U kan gerus ook 'n kort gebed vir bystand en vertroosting doen. Die volgende riglyne word word gevolg vir verdere hulp aan die betrokke lidmate:

1. Die betrokke Wyks-leraar word eerste in kennis gestel van 'n sterfgeval.
2. Die ouderling/-svrou bied die volgende hulp namens die wyk aan:
 - 2.1 Die wyksdames is gewillig om tee in die saal te bedien vir naasbestaandes en vriende.
LW:
 - Tref eerstens reëlings met die kerkkantoor en vergewis uself dat die saal beskikbaar is.
 - Reël met Koster vir regsit van aantal stoele en tafels.
 - Reël met kombuisverteenwoordiger (**Magriet van Wyk: 021-853 0496**) vir uitpak van breekgoed, tafeldoeke, koffie tee, suiker, wasmiddel. **ELKE WYK IS SELF VERANTWOORDELIK VIR DIE DEK VAN TAFELS. ELKE WYK VOORSIEN DIE NODIGE MELK.**
 - Tafeldoeke:
ELKE GROEP/WYK/INSTANSIE WAT TAFELDOEKE GEBRUIK, NEEM VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE WAS EN DIE TERUGBRING BINNE TWEE DAE. (Alle tafeldoeke wat gebruik word, word asseblief gewas.
 - Breekware:
Moet asseblief **SKOON GEWAS, AFGEDROOG** word.
 - 2.2 Indien so verkies sal hulp verleen word met teebediening aan huis van naasbestaandes.
 - 2.3 Wyksdames is ook gewillig om 5 brode se toebroodjies voor te berei. Die wyk staan asseblief self in vir onkoste hieraan verbonde. Gebruik asseblief vulsels wat nie te droog is nie bv. eierbotter/kaasbottervulsel.
 - 2.4 **Indien probleme ondervind word** met die reëling van toebroodjies of hulp met skinkers en opwassers, skakel asseblief die kerkkantoor.
 - 2.5 **Hoeveelhede** benodig vir 50 persone:
5 brode
1 kg margarine
Gesnipperde slaablare vir versiering
2 ½ liter melk

KOMBUISREËLS

1. Die kombuis word in stand gehou onder leiding van die kombuisverteenvoorder en twee helpers uit elke predikantsstreek.
2. **ELKE GROEP/WYK/INSTANSIE WAT BREEKGOED/KOMBUIS GEBRUIK IS SELF VERANTWOORDELIK VIR DIE OPWAS EN OPRUIM.**
3. Vir elke funksie/teebeurt moet 'n sameroeper verantwoordelikheid aanvaar om die kombuis en alle gebruikte artikels skoon en netjies te laat.
4. In die geval van 'n groot gemeentefunksie moet die sameroeper van die kombuis en die sameroeper van die funksie saam toesien dat alle artikels weer skoon en netjies in die kaste teruggepak word.
5. Kontak die sameroeper van die kombuis minstens **twee dae** voordat u breekgoed nodig het, om te reël vir die uitpak daarvan. **ELKE GROEP/WYK/INSTANSIE IS SELF VERANTWOORDELIK VIR DIE DEK VAN DIE TAFELS.**
6. **Urns en Ketel:**
Skakel af voordat kokende water uitgetap word en let op dat die watervlak nie laer as die element sak nie. **MAAK ASSEBLIEF LEEG NA GEBRUIK.**
7. Alle **vullis** moet in dromme gegooi word. Wanneer die sak vol is, haal dit asseblief uit en bind toe. Sakke word voorsien.
8. Tafeldoeke:
ELKE GROEP/WYK/INSTANSIE WAT TAFELDOEKE GEBRUIK, NEEM VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE WAS EN DIE TERUGBRING BINNE TWEE DAE. (Alle tafeldoeke wat gebruik word, word asseblief gewas.) Los afdroogdoeke vir Kombuisverteenvoorder.
9. **Afdroogdoeke:**
Moet gewas en ook binne twee dae terugbesorg word.
10. **Stoof en mikrogolfoond:**
Laat asseblief skoon en netjies.
11. Alle **silwer** moet afdroog word.
12. **Breekware:**
Moet asseblief **SKOON GEWAS, AFGEDROOG EN DAARNA NETJIES OP TOONBANK UITGEPAK WORD.**
13. Plaas asseblief enige warm potte/houers op hittebestande teëls wat vir die doel beskikbaar is.